## Op Golgota Boek 1 - Hoofstuk 8 deur Louise Snyder (Christine)

Geseënd is hy
wat wakker bly.
Die een wat MY verwag
Is die een wat vol is van krag
En MY mag
Word aan die gegee wat na MY smag
In duisternis sal julle nie vergaan
Want EK het die weg vir julle oopgebaan.

Dit is My woorde aan julle wat probeer om, ten spyte van julle swak vlees, nogtans vir My te dien. Ek sien dit raak en gee julle krag sodat **'n nuwe dag in julle binneste aanbreek**. Daarom moet julle die vlees bestry en MY bely al is daar soms sware dinge op jou weg, want EK kan alles vir jou ten goede verander en jy sal in MY juig en van MY wonderbaarlikheid getuig by almal wat nog na MY soek. Wees bly as julle versoek word, want EK is ook versoek in die woestyn en Ek het rein gebly, deurdat Ek vervul was van My Gees van Liefde. Wees daarom ook vervul met Liefde, sodat julle staande kan bly. Dit wil sê, wees vervul met MY (want Ek is Liefde), sodat julle staande kan bly.

MY dissipels het almal die hasepad gekies soos julle in Afrikaans sê, maar Johannes, wat MYNE was, het by MY probeer bly, al was sy vlees swak gewees en al wou hy ook vlug uit vrees vir MY kruisigers. Maar hy het gebly tot op die bitter einde en hy was so listig soos 'n slang terwyl hy MY probeer volg het. Hy het MY gevolg totdat Ek aan hom gesê het dat hy na MY aardse moeder moes omsien. Dit het hom bitter geroer en hy wou weereens vlug, maar hierdie keer uit diepe deernis en oorgrote hartseer vir MY. Ek het hom 'n kyk gegee wat hom die res van sy lewe sou bybly. Dit was 'n kyk wat hom vervul het met krag en weerbarstig het hy met moed **die vyand in die oë gekyk en niks meer gevrees nie.**

Hy het My geweldig liefgehad en was daarom byna dood van hartseer, maar wou niks aan die ander te kenne gee nie, daarom wou hy vlug om in die stille alleenwees sy wese uit te skree van pyn en hartseer oor MY marteling wat sou lei tot die dood. Johannes het egter die vlees oorwin en het daar gebly tot die einde en het ook gehelp om MY liggaam van die kruis af te haal. Sonder dat hy dit geweet het, was EK elke oomblik in sy nabyheid en het alles in hom waargeneem en hy het dit nie geweet nie. Maar Ek is genadig en het in sy hartseer vir hom woorde van troos gefluister wat hy **gehoor het as 'n innerlike stem**, baie dieselfde as wat My skrywers nou kan waarneem. Julle moet MY almal daarvoor vra, dat Ek ook in julle binneste met julle sal praat, want dit is die ware troos en dit sal jou help om jou vlees met al sy vrese te oorwin. Dit sê EK nou aan julle en dit is 'n belofte dat Ek aan elkeen van julle se innerlike sal beantwoord en julle sal juig omdat julle ook MY Stem kan hoor. Smag daarna en Ek sal dit vir jou volbring. Amein.

## Van die Hel tot die Hemel deur Jakob Lorber

### Die drie keisers ontvang hulle rykswaardigheidstekens. Hulle betekenis. Groot bestemming van die burgers van die hoogste hemel

**Hoofstuk 287** Onmiddellik word vir die keiserlike waardigheids-tekens aangedra. Op rooistralende kussings word die drie aangebied, sodat hulle die sal aanneem as teken van verheerliking van dit waartoe hulle op aarde geroep was. Maar ook die keisers weier beslis om in My huis en aan My sy waardigheidstekens te dra, omdat Ek tog die Koning van die konings en as volmaakte Heer van die heerlikhede, nóg kroon, nóg septer en nóg minder swaard en purper dra.

[2] **Ek, JaHshua** sê egter vir hulle: "My liewe vriende, van `n voortdurende dra van hierdie tekens is immers geen sprake nie; maar julle moet hulle tog aanneem en besit. Daar is redelik uiteenlopende lewensomstandighede en opdragte hier, dikwels die skitterendste besoeke uit die tydlose wêreldgebiede en baie missies na verskillende wêrelde en sonne. Eweneens na die twee onmeetlike laer hemele en veral na hulle tydlose gemeenskappe, asook sendings na die tydlose geestesgebiede van wêrelde in alle soorte en mates. Vir sulke geleenthede moet die aartsengele wat van hier uitgestuur word, van waardigheidstekens voorsien wees en dit dra as duidelike bewys, dat hulle self die magtigste oorwinning oor hulleself behaal het en nou met My meester is oor die hele oneindigheid.

[3] By missies op aarde, waar My kinders opgevoed moet word, is dit uiteraard nie nodig nie. **Hulle moet naamlik in die grootste moontlike eenvoud opgevoed word;** daarom mag hulle van hieruit nie deur prag en praal uit hulle tog al moeisaam te bewaarde deemoed gewek word nie. Heel anders lê dit by geeste, wat bewoners is van groot middelsonne en reeds te midde van die grootste lig en die hoogste glorie gebore word en in wonings lewe, waarby alles wat julle selfs hier sien, lyk soos `n armoedige hut. Daar moet mens dan ook, as dit nodig is, met die grootste prag en die hoogste glorie optree.

[4] En kyk, by sulke dikwels voorkomende geleenthede, het julle dan sulke waardigheidstekens nodig, waardeur julle die betreffende geeste laat weet, **dat julle vorste uit die hoogste hemele en as die ware broeders van die allerhoogste Godsgees is**. Onder julle voetstappe

moet songebiede bewe en die stem uit julle mond moet klink soos die donder van so `n onweer, wat op die sonwêrelde die vlammende gemoedere van hulle magtige bewoners **die diepste respek bly inboesem**. Julle sal nou goed begryp waarom sulke tekens hier aan julle oorhandig word.

[5] Die **kroon** is `n teken dat julle, wat betref julle **siel**, wat julle gelouterde liggaam is, **My kinders is** - en wat betref julle **gees**, wat voortkom uit My hart en **My "Ek" in julle is,** My **broeders** is. Die septer gee aan dat julle, omdat julle My "Ek" in julle dra, en vir ewig saam met My **gelyke regeerders** van die oneindigheid is. Die swaard is egter `n **teken van die mag en die gesag** wat aan julle deur My vir altyd verleen is. Die **purper** ten slotte getuig daarvan dat julle uiterlike netsoos julle innerlike **suiwer liefde** is, en dat julle, netsoos Ek, oral **slegs deur die mag van die liefde** alles wil reël en beheers. Daarom kan julle hierdie waardigheidstekens nou sonder enige bedenkings aanvaar."

[6] **Rudolf** sê: "O Heer en Vader vol goedheid, liefde en erbarming! Ons drie is nou so vol ontsag dat ons U ewig nooit genoeg kan dank nie. Maar die res van my aardse kinders, hoewel opgeneem in hierdie hoogste hemel, is tog buite hierdie stad geplaas en kan onmoontlik netso gelukkig wees soos ons. Sou dit nie moontlik wees dat ook hulle hierheen mag kom en aan ons gelykgestel word nie?"

[7] **Ek** sê: "My broeder, jou besorgdheid kom ietwat te laat. Kyk maar net agtertoe na die deur waardeur ons binnegekom het en jy sal hulle almal sien, bekleed met dieselfde onderskeidingstekens! Vol verrukking kom hulle My daarvoor dank. Tussen hulle en julle drie bestaan slegs die verskil, dat hulle hierdie tekens ietwat voor julle in hulle majestueuse wonings gekry het. Vandaar dat hulle dit ook reeds dra, terwyl julle dit nog nie aangeneem het nie. Hoe geval dit julle?" **Rudolf** sê: "O Heer en Vader, ek vind geen woorde om my dank aan U uit te druk nie! Hulle het dus ook dieselfde bestemming as ons?"

[8] **Ek** sê: "Vanselfsprekend! **Alle bewoners van My allerhoogste hemel het dieselfde allerhoogste bestemming.** Wel het hulle wat in My naaste omgewing, en wat in My eie huis woon, die meeste te doen, soos ook die lewensenuwee van `n mens, wat die naaste aan die hart lê, voortdurend die mees aktiefste moet wees."

[9] Rudolf en alle ander dank My nou uit die diepste van hulle hart. Dan roep **Ek** vir Robert en sê vir hom: "Liewe broeder, gaan saam met die drie broeders, **Petrus, Paulus en Johannes**, wat die vaste gebruike van die huis reeds ken, en maak `n goeie tafel gereed! Jy begryp goed wat Ek bedoel! Maar neem die grootste, want ons sal redelik baie wees."